Christelike Biblioteek

# Verbly jou, o jongeling

Hoe beleef jy vreugde? Beleef jy dit ooit hoegenaamd?

Ek vra maar, want daar is so baie dinge wat jou vreugde demp: Jy is die jongman of jongmeisie wat nie meer kind is nie. Jy is vol lewenslus en ideale. Die lewe—voor jou—jy wil hom gryp, regbuig en geniet, maar hier vlak voor jou en om jou is 'n harde, onsimpatieke werklikheid—dit versper jou weg; dit pootjie jou planne, dit verydel jou ideale. Dit maak jou moedeloos omdat net jy dit raaksien. Jy staan alleen in jou stryd om die wêreld en die korrupte samelewing te verander.

En jy het naderhand bietjie sinies begin word. Jou vreugde het beperk geraak tot 'n skuins glimlag nou en dan. Jy glo nie meer aan sprokies nie—soos dié van Rochus, die voëltjie in die paradys, wat gedurig roep: "Wees bly, wees bly, wees altyd bly”.

Daarom gaan ek jou nou die waarheid vertel oor vreugde. (Jy wil mos graag die waarheid hoor, nie waar nie?)

## Die waarheid oor vreugde

Jy is 'n Christen. Dus glo jy Jesus Christus se Goeie Nuus.

Dit klink só: Elke keer wat sy Vader en jou Vader 'n groot heilsdaad doen, maak dit mense bly.

- Sy geboorte — ". . . *ek bring vir julle die goeie tyding van groot blydskap*”, sê die engel (Lukas 2: 10). "*Toe hulle die ster sien, was hulle baie bly*." Dit was heidense sterrekykers (Matteus 2: 10).
- Sy opstanding uit die graf — "*Hulle het toe haastig van die graf af weggegaan, bang maar baie bly*." Dit is twee van sy vrouedissipels (Matteus 28: 8). *"Die dissipels was baie bly toe hulle die Here sien."* Dit was nadat Hy hulle sy hande en sy sy gewys het (Johannes 20: 20).
- Sy hemelvaart — "*Hulle het. . . met groot blydskap na Jerusalem teruggekeer*." Net nadat Hy van hulle af weg in die hemel opgeneem is (Lukas 24: 52).
- Sy weerkoms — *“Wees liewer bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel, want dan sal julle oorloop van vreugde by sy wederkoms in heerlikheid.*" (1 Petrus 4: 13).

En as vrug van sy groot heilsdade, het Hy en sy Vader hulle Gees aan jou gegee tot Hy weer kom. En een van sý vrugte in jou hart is: *Vreugde* (Galasiërs 5: 22).

Om op te som: *"Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van geregtigheid, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee."* (Romeine 14: 17).

Jongman en jongmeisie, dit is nie 'n sprokie nie. Dit is die heilige waarheid! Julle en ek moet erns maak met Paulus se bevel: *"Verbly julle altyd in die Here! Ek herhaal: Verbly julle!"* (Filippense 4: 4).

## 'n Paar praktiese wenke

Jou tyd: Leef *vandag!* Wees vandag bly! Wees vandag gelukkig. Onthou: Elke dag word aan jou gegee om bly in te wees! Jy het tog rede!

Prioriteite: Ek lees êrens: Met die soek na die diepste rede vir menslike geluk het ek nooit geld gevind nie, nog besit, nog luukshede, nog niksdoen, nog profyt, nog feeste, nog genot. By geluk-

kige mense vind ek basies altyd 'n diepe gevoel van sekuriteit en 'n spontane vreugde vir klein dingetjies en groot eenvoud. Jy ken mos jou sekuriteit!

Lag werklik: Kyk net met watter dodelike erns sommige mense aan hul eie belangrikheid bou. Jy weet mos wie jý vir God is. Lag is gesond. Dink jy genoeg aan dié faset van jou gesondheid?

Tel jou seëninge: Here, ek het genoeg. Ek het 'n son aan die hemel. Ek het mense om lief te hê en Ek het U.

Leef mét jou Vader: In intieme omgang met God kry mens ander oë om na die dinge te kyk—en elke môre 'n nuwe hart.

Gaan dink oor dié vraag: Maak dit wat jy glo, jou werklik bly?

J Botha

© 2013
www.christelikebiblioteek.co.za